Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2022

# GEOGRAFIE V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

   AFDELING A:
   VRAAG 1: ONTWIKKELINGSGEOGRAFIE (60)
   VRAAG 2: HULPBRONNE EN VOLHOUBAARHEID (60)

   AFDELING B:
   VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE (30)

2. Beantwoord al DRIE vrae.

3. ALLE diagramme is in die VRAESTEL ingesluit.

4. Laat 'n reël tussen onderafdelings van vrae wat jy beantwoord.

5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.

7. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.

8. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.

9. Antwoord in VOLSINNE, behalwe waar jy moet noem, identifiseer of 'n lys moet maak.

10. Maateenhede MOET in jou finale antwoord aangedui word, bv. 1 020 hPa, 14 °C en 45 m.

11. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

12. Jy mag 'n vergrootglas gebruik.

13. Skryf netjies en leesbaar.

## SPESIFIEKE INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR AFDELING B

14. 'n 1 : 50 000 topografiese kaart van 3319AD CERES en 'n 1 : 10 000 ortofotokaart 3319 AD 12 CERES word verskaf.

15. Die gebied wat met ROOI/SWART op die topografiese kaart afgebaken is, stel die gebied voor wat deur die ortofotokaart gedek word.

16. Toon ALLE berekeninge. Punte sal hiervoor toegeken word.

17. Jy moet die topografiese kaart en die ortofotokaart aan die einde van hierdie eksamensessie by die toesighouer inlewer.

## AFDELING A: ONTWIKKELINGSGEOGRAFIE EN HULPBRONNE EN VOLHOUBAARHEID

### VRAAG 1

1.1 Kies ŉ term in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf SLEGS die letters (A–H) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv.1.1.8 I.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Die ontwikkeling van industrieë in ŉ land | A | globalisering |
| 1.1.2 | Geleë in ŉ MOEL waar hulpbronne goedkoop en die salaris min is | B | buitelandse handel |
| 1.1.3 | Sluit die beweging van goedere, dienste, kapitaal, idees en mense rondom die wêreld in | C | uitkringende-effek |
| 1.1.4 | Uitruil van goedere tussen lande | D | volhoubare ontwikkeling |
| 1.1.5 | ŉ Toename in aktiwiteit en belegging in een gebied veroorsaak ŉ aktiwiteit en belegging in ŉ ander gebied | E | industrialisasie |
| 1.1.6 | Lande, met hoë inkomste wat gewoonlik in die noorde aangetref word | F | ontwikkelend |
| 1.1.7 | Balanseer ekonomiese, sosiale en omgewingsdoelwitte | G | Transnasionale korporasies |
| | | H | ontwikkeld |

(7 x 1) (7)

1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs letter (A–D) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer. bv. 1.2.9 A.

1.2.1 ŉ Gini-koëffisiënt telling van 0,8 dui .... aan.

A ŉ oneweredige verspreiding van rykdom in ŉ land
B die ergste moontlike lewenskwaliteit
C die amper perfekte lewenskwaliteit
D ŉ meer gelyke verspreiding van rykdom

1.2.2 Handelsbalans is die ...

A belasting wat op ingevoerde produkte geplaas word.
B finansiële staat van ŉ land.
C waarde van ŉ land se in- en uitvoere.
D beperking op ingevoerde goedere.

1.2.3 Demografiese-aanduiders sluit in ...

A geboorte- en sterftesyfers.
B voedsel en voeding.
C water en elektrisiteit.
D goedere en dienste.

1.2.4 ŉ Nadeel van globalisering is die ...

A liberalisering van handel.
B uitruil van vaardighede.
C verspreiding van Covid-19.
D vorming van globale organisasies.

1.2.5 Die vinnige ekonomiese ontwikkeling van China kan toegeskryf word aan ŉ ...

A opeenvolging van vyfjaarplanne.
B beleid van proteksionisme.
C wêreldwye arbeidsmag.
D uitvoer-geleide benadering tot ontwikkeling.

1.2.6 Die donasie van inspuitings om die verspreiding van die Covid-pandemie te help bekamp is ŉ voorbeeld van ... ontwikkelingshulp.

A tydelike
B humanitêre
C bilaterale
D tegniese

Kopiereg voorbehou 


1.2.7 ʼn Menslike ontwikkelingsindeks van 0,8 dui ʼn ... aan.

A goeie lewenskwaliteit
B swak lewenskwaliteit
C hoë geboortesyfer
D hoë sterftesyfer

1.2.8 Die bestryding van die verspreiding van MIV/Vigs en Covid-19 is voorbeelde van ontwikkeling uit ʼn ... konteks.

A plaaslike
B streeks-
C gemeenskap-
D globale (8 x 1) (8)

1.3 Die strokiesprent hieronder toon ʼn ekonomiese aanduiding van ontwikkeling.




[Bron: Addisfortune.net]

1.3.1 Wat is *BBP-groei*? (1 x 2) (2)

1.3.2 Noem die belangrikheid van BBP-groei vir ʼn land. (1 x 1) (1)

1.3.3 Lewer kommentaar oor die verhouding tussen BBP-groei en menslike ontwikkeling. (1 x 2) (2)

1.3.4 Hoe beeld die strokiesprent ʼn negatiewe impak van BBP-groei op menslike ontwikkeling uit? (1 x 2) (2)

1.3.5 Verduidelik waarom hierdie negatiewe impak (jou antwoord op VRAAG 1.3.4) sigbaar in die meeste lande is. (2 x 2) (4)

1.3.6 Stel strategieë voor om menslike ontwikkeling in ontwikkelende lande te verbeter. (2 x 2) (4)

1.4 Verwys na die uittreksel hieronder wat op die inisiatief van die Perdekraal-Oos Windplaas-organisasie; gebaseer is.

**DIE PERDEKRAAL-OOS WINDPLAAS GEMEENSKAPSPROJEK**

ŉ Gemeenskapstrust is geskep en besit 2,5% van Perdekraal-Oos windplaas, wat belê word in gemeenskapsontwikkelingsprogramme vir sosiale welsyn tot voordeel van die begunstigde gemeenskappe.

Gedurende die konstruksiefase van Perdekraal-Oos windplaas het die gemeenskappe toegang tot vaardighede en opleidingsgeleenthede, asook meer werk- en sakegeleenthede as wat voorheen in die omgewing beskikbaar was.

Gedurende die bedryfsfase bestee Perdekraal-Oos windplaas 2,8% van sy inkomste aan sosio-ekonomiese welsyn en 0,2% aan plaaslike ondernemingsontwikkeling binne die begunstigde gemeenskappe vir ŉ tydperk van 20 jaar.

Die sosio-ekonomiese ontwikkelingsprojekte is gefokus op die implementering van programme binne die begunstigde gemeenskappe van Ceres en naburige distrikte, met die doel om opwaartse sosiale mobiliteit moontlik te maak.

Hierdie programme en inisiatiewe vir vroeë kinderontwikkeling help om ongeletterdheid te verlig; gesondheidsorginisiatiewe; gemeenskaps-bewusmakingsveldtogte; ontwikkeling van infrastruktuur; bemagtiging van vroue en jeug word ook aangespreek.

Die Perdekraal-Oos windplaas help en versnel die volhoubaarheid van plaaslike ondernemings wat besit word deur voorheen benadeelde mense en verskaffers van vroue. Hierdie program maak voorsiening vir besigheidsondersteuning en om volhoubaarheid te verseker.

[Vryvertaal en aangepas uit: https://perdekraaleastwind.co.za]

1.4.1 Wat is *gemeenskapsontwikkeling*? (1 x 2) (2)

1.4.2 Volgens die uittreksel, hoe het gemeenskappe in die gebied by die konstruksiefase van die Perdekraal-Oos windplaas gebaat. (1 x 1) (1)


1.4.3 Noem TWEE fokus areas van die gemeenskapsontwikkelingsprojekte wat die sosiale welsyn van die gemeenskap bevoordeel het. (2 x 1) (2)

1.4.4 Waarom is die monitering van gemeenskapsgebaseerde projekte vir volhoubare ontwikkeling ŉ vereiste? (1 x 2) (2)

1.4.5 In ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik waarom die Perdekraal-Oos windplaas gemeenskapsprojek belangrik is vir ŉ land se breër ontwikkelingsdoelwitte. (4 x 2) (8)

1.5 Lees die uittreksel hieronder wat gebaseer op handelsverhoudinge is.

**BRICS 'N STERKER BLOK OM VRYE-HANDEL TE BESKERM**




BRICS is 'n akroniem vir die ontwikkelende nasies van Brasilië, Rusland, Indië en China – hierdie lande word beskou as die toekomstige dominante verskaffers van vervaardigde goedere, dienste en grondstowwe teen 2050. China en Indië word beskou as die wêreld se toekomstige belangrikste verskaffers van onderskeidelik vervaardigde goedere en dienste, terwyl Brasilië en Rusland op dieselfde manier as die verskaffers van grondstowwe sal oorheers. Vanaf 2010 het Suid-Afrika by die groep aangesluit, wat nou BRICS genoem word.

'n Vergadering van die BRICS-handelsblok het dit duidelik gemaak dat China, met 'n relatief oorvloedige verskaffingskapasiteit van mediese hulpbronne, soos entstowwe, hierdie lande effektief kan help om so gou as moontlik uit die pandemie te kom. In die hele geskiedenis van die BRICS-ooreenkoms was daar nog nooit 'n meer uitdagende tyd vir al vyf die lande om hulpbronne gesamentlik oor te dra nie.

Die vergadering het ook aandag gegee aan die kommer oor die groot krisis in die openbare gesondheid, die ekonomiese agteruitgang en die stygende werkloosheidsyfer, wat 'n bedreiging vir sosiale stabiliteit inhou. Dit glo dat ons slegs deur internasionale samewerking en multilateralisme-agenda ons uitdagings die hoof kan bied.

Wat die multilaterale besprekings betref, was hierdie vergadering 'n kragtige reaksie op die onlangse eensydige optrede van die Verenigde State. Die VSA het ook probeer om Brasilië en Indië aan te moedig om die BRICS se belangrikheid af te gradeer.

[Vry vertaal en aangepas uit investopedia.com.T]

1.5.1 Noem die handelsblok waarna in die uittreksel verwys word. (1 x 1) (1)

1.5.2 Noem enige TWEE BRICS-lidlande wat in die noordelike halfrond geleë is. (2 x 1) (2)

1.5.3 Wat is *handel-proteksionisme*? (1 x 2) (2)

1.5.4 Hoe pas die BRICS-lande proteksionisme toe om na die belange van die handelsblok om te sien? (1 x 2) (2)

1.5.5 Waarom sou 'n ontwikkelde land soos die Verenigde State 'n vryehandelsbeleid steun? (2 x 2) (4)

1.5.6 Verduidelik hoe 'n lid van die BRICS-handelsblok Suid-Afrika kan help om van die negatiewe ekonomiese gevolge van die Covid-19-pandemie te herstel. (2 x 2) (4)

**[60]**

## VRAAG 2

2.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.1.8 A.

2.1.1 Verwoestyning is 'n ... agent van erosie.

A menslike
B fisiese
C dierlike
D ekonomiese

2.1.2 Suurreën is 'n vorm van ...

A omgewingsbesoedeling.
B neerslag.
C lugbesoedeling.
D energie.

2.1.3 Die Kyoto-protokol vereis dat Suid-Afrika ...

A kernenergie ontwikkel.
B aanhou om steenkool te gebruik om elektrisiteit op te wek.
C industrialisasie verminder.
D hernubare energiebronne ontwikkel.

2.1.4 Uraan is 'n mineraal wat nodig is vir die produksie van ... -energie.

A termiese
B wind
C kern
D son

2.1.5 Slote of dongas is die gevolge van gronderosie wat deur ... veroorsaak word.

A oorbeweiding
B strook-akkerbou
C bebossing
D herbebossing

2.1.6 Sonkrag is 'n ... bron van -energie.

A nie-hernubare
B hernubare
C termiese
D konvensionele

2.1.7 Grondverlies is 'n faktor wat ... affekteer.

A energieproduksie
B rivier-deltas
C droogtes
D voedselproduksie (7 x 1) (7)

2.2 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies wat elke stelling geografies KORREK maak. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.8) neer.

2.2.1 (Saam die helling/Teen die helling) -ploeëry kan afloop veroorsaak wat tot gronderosie bydra.

2.2.2 Gronderosie is meer sigbaar in gebiede waar (bestaans-/kommersiële) boerdery voorkom.

2.2.3 (Biobrandstof/Geotermiese) -energie word uit natuurlike organiese materiaal opgewek.

2.2.4 Die enigste funksionele kernkragstasie in Suid-Afrika is in die (Wes-Kaap/Oos-Kaap) geleë.

2.2.5 Die konvensionele energiebron wat die minste tot die elektrisiteitsnetwerk in Suid-Afrika bydra, is (gas-/hidro-elektrisiteit).

2.2.6 (Bebossing/oorbeweiding) verminder gronderosie wat deur water en wind veroorsaak word.

2.2.7 Termiese kragstasies dra tot veranderinge in die (ekonomie/klimaat) by.

2.2.8 (Braking/Oor-oesting) is ŉ boerderypraktyk wat toelaat dat voedingstowwe en vrugbaarheid herstel word. (8 x 1) (8)

2.3 Verwys na die uittreksel hieronder wat handel oor gronderosie in die Amasone-reënwoud.



Die Amasone is die wêreld se grootste reënwoud en die grootste rivierbekken op die planeet.

Deesdae staar die Amasone ŉ menigte bedreigings in die gesig weens onvolhoubare ekonomiese ontwikkeling: 20% van die Amasoon-bioom is reeds verlore, en die neiging sal vererger as dit nie dopgehou word nie, met erosie wat die grootste kommer wek.

Die hout-afkapping en skoonmaak van reënwoude is wêreldwyd sommige van die belangrikste oorsake van grondagteruitgang. In die Amasone-reënwoud van Brasilië word byvoorbeeld elke sekonde ŉ gebied die grootte van ŉ sokkerveld gesny, wat groot dele van die land kwesbaar maak vir wind, reën en vloede wat erosie veroorsaak.

Die Amasone is die grootste ontbossingsfront ter wêreld en ingrypings is dringend nodig om ŉ grootskaalse, onomkeerbare ekologiese ramp as gevolg van die mens te voorkom.

Ontbossing deur aktiwiteite soos onvolhoubare hout-afkapping, boerdery en mynbou kan lei tot vinnige en wydverspreide erosie van reënwoudgrond. Houtondernemings maak groot dele van die reënwoud skoon en boere met min grond laat beeste toe om delikate reënwoud gras te oorbewei. Landbou is nog ŉ belangrike oorsaak van ontbossing en erosie.

[Vry vertaal en aangepas uit http://wwf.panda.org/our_work/forests/deforestation_fronts/deforestation_in_the_amazon/. Toegang op 28 Augustus 2018 verkry.]

2.3.1 Volgens die uittreksel, noem EEN menslike aktiwiteit wat tot gronderosie gelei het. (1 x 1) (1)

2.3.2 Lys TWEE fisiese (natuurlike) faktore wat gronderosie veroorsaak het. (2 x 1) (2)

2.3.3 Noem EEN manier hoe gronderosie ŉ impak op die omgewing van die Amasone-reënwoud sal het. (1 x 2) (2)

2.3.4 Verduidelik die effek van gronderosie op die omgewing van die Amasone-reënwoud. (2 x 2) (4)

2.3.5 Verduidelik DRIE volhoubare bestuurstrategieë wat gebruik kan word om gronderosie in die Amasone-reënwoud te verhoed en te kontroleer. (3 x 2) (6)

2.4 Verwys na die uittreksel oor steenkool as ŉ konvensionele energiebron.




Beurtkrag van elektrisiteit sal die BBP-groei vanjaar halveer en die land 275 000 in moontlike werksgeleenthede kos, sê ontleders.

In Junie het president Cyril Ramaphosa aangekondig dat die vereistes vir die private sektor om ŉ lisensie vir eie kragopwekking te verkry, verslap is, met die amptelike verandering wat binne die volgende twee maande in ŉ staatskoerant aangebring moet word.

Ramaphosa het die drumpel tot 100 MW verhoog. Volgens Ramaphosa sal ondernemings ook toegelaat word om oortollige krag wat in die netwerk opgewek word, te verkoop. Dit kan egter meer as ŉ jaar neem om die gevolge van die verandering te sien, sê ekonome van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek (BER).

"Wat die impak op die ekonomie betref, is dit belangrik om te besef dat eie opwekkings (hernubare) projekte tot 18 maande kan neem om af te handel. Dit impliseer wel dat periodieke beurtkrag in die nabye toekoms waarskynlik ŉ kenmerk van die Suid-Afrikaanse landskap sal bly. "

Die Suid-Afrikaanse fotokatalitiese vereniging skat dat die opheffing van die lisensie toppunt in die komende twee jaar tot 5 500 MW ekstra krag kan bydra.

"Die belangrikste boodskap hier is dat daar in ooreenstemming met ons denke sedert einde 2019, ruimte is om meer optimisties te wees oor die vooruitsigte vir die Suid-Afrikaanse ekonomie na 2022," het die BER gesê.

[Aangepas en vry vertaal uit http;//www.ber.ac.za.]

2.4.1 Noem die kragvoorsiener wat elektrisiteit aan Suid-Afrika verskaf. (1 x 1) (1)

2.4.2 Volgens die uittreksel, wat is die effek van beurtkrag op die ekonomie van Suid-Afrika? (2 x 1) (2)


2.4.3 Noem die oorsake van beurtkrag in Suid-Afrika. (2 x 1) (2)

2.4.4 Verduidelik hoe die besluit van president Cyril Ramaphosa ŉ positiewe impak op die beskikbare elektrisiteit vir Suid-Afrika, het. (1 x 2) (2)

2.4.5 Waarom verkies Suid-Afrika dat ʼn nie-konvensionele bron van energie, soos steenkool, sy belangrikste bron van energie is? (2 x 2) (4)

2.4.6 Verduidelik die negatiewe impak wat steenkoolmynbou op die omgewing het. (2 x 2) (4)

2.5 Verwys na die feitelêer wat die voordele en nadele van wind-energie as ʼn nie-konvensionele bron van energie verskaf.




2.5.1 Waarom is wind ʼn *hernubare bron* van energie? (1 x 2) (2)

2.5.2 Hoe kan windkrag as ʼn hernubare energiebron kweekhuisvrystellings verminder? (1 x 1) (1)

2.5 3 Gee die negatiewe omgewingsredes vir die gebruik van wind as ʼn bron van energie. (2 x 1) (2)

2.5.4 Waarom het Suid-Afrika se ligging die ontwikkeling van wind-energie bevoordeel? (1 x 2) (2)

2.5.5 In ʼn paragraaf van ongeveer AGT reëls verduidelik die voordele van wind-energie vir die ekonomie van Suid-Afrika. (4 x 2) (8)
**[60]**


**TOTAAL AFDELING A: 120**

## AFDELING B: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

### VRAAG 3

**ALGEMENE INLIGTING OOR CERES**

Koördinate: **33° 22' 13" S 19° 18' 55" O**




**Ceres** is die administratiewe sentrum en grootste stad van die Witzenberg plaaslike munisipaliteit in die Wes-Kaap provinsie van Suid-Afrika. Ceres dien as 'n streeksentrum vir die omliggende dorpe Worsley, Tulbagh, Op-die-Berg en die Prins Alfred gehuggie. Dit is in die Warmbokkeveldvallei, ongeveer 170 km noordoos van Kaapstad geleë.

Ceres is geleë by die noordoostelike ingang van Michell's-pas en die ou R46-roete noord tussen Kaapstad en Johannesburg, wat later vervang is deur die N1-snelweg, wat die Breederiviervallei na die suide oorsteek.

Ceres het 'n groot aantal nywerhede wat voorsiening maak vir sy landboubedrywighede en is bekend vir vrugtesappe wat wêreldwyd uitgevoer word met die naam van die stad.

Die volgende Engelse terme en hulle Afrikaanse vertalings is op die topografiese kaart getoon:

| ENGLISH | AFRIKAANS |
|---|---|
| Diggings | Uitgrawings |
| Firebreak | Voorbrand |


3.1 **KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE**

Die onderstaande vrae is op die 1 : 50 000 topografiese kaart 3319 AD Ceres, sowel as die ortofotokaart van 'n gedeelte van die gekarteerde gebied gebaseer.

Bereken die area in meter van verskynsel **1**, afgebaken in 'n wit blok **D4, D5, E4** en **E** op die ortofotokaart, as die lengte 2,7 cm is en die breedte 2,0 cm is. Toon ALLE berekeninge. Punte word vir berekeninge toegeken.

Formule: **Area** = **Lengte x Breedte** (3 x 1) (3)

3.2 Verwys na die dwarsprofiel vanaf **N** in blok **E3** tot **O** in blok **C4** op die topografiese kaart, wat die hoofverkeerspad is wat na Ceres gaan.




3.2.1 Noem die volgende verskynsels op die dwarsprofiel:

(a) Die monument by X wat 'n mens op die R46 sou verbysteek. (1 x 1) (1)

(b) Die landvorm wat die hoofverkeerspad deur die Witzenberge volg. (1 x 1) (1)

3.2.2 Die helling tussen **N** en **Y** is ...

A geleidelik.
B konveks.
C konkaaf.
D uniform. (1 x 1) (1)

3.2.3 Bereken die vertikale vergroting van die dwarsprofiel tussen **N** en **O**. Toon ALLE berekeninge. Punte word vir berekeninge toegeken. (4 x 1) (4)

Formule: $\textbf{Vertikale vergroting} = \dfrac{\textbf{Vertikale Skaal (VS)}}{\textbf{Horisontale Skaal (HS)}}$

3.3 **KAARTINTERPRETASIE**

Verwys na die Ceres-ortofotokaart.

3.3.1 Is die uittreksel van die Ceres-ortofotokaart 'n *skuins-* of *vertikale-* lugfoto? (1 x 1) (1)

3.3.2 Verduidelik jou antwoord by VRAAG 3.3.1 (1 x 2) (2)

3.3.3 Die verskynsel wat **2** in blok **D1** op die ortofotokaart genommer is, het 'n gladde tekstuur. Gee 'n rede. (1 x 2) (2)

3.4 3.4.1 Die gebied 3 op die ortofotokaart dui 'n ... aan.

A sportveld
B begraafplaas
C skool.
D hospitaal. (1 x 1) (1)

3.4.2 Die mensgemaakte verskynsel **P** op die topografiese kaart is 'n ...

A mynhoop.
B opvulling.
C uitgrawing.
D deurgrawing. (1 x 1) (1)

3.5 Verwys na blok **A4** op die topografiese kaart.

3.5.1 Die hoof landbou-aktiwiteit is ...

A bewerkte landerye.
B rye bome.
C boorde en wingerde.
D 'n beskermde gebied. (1 x 1) (1)

3.5.2 Gee TWEE redes sigbaar op die topografiese kaart, wat die tipe boerdery wat in VRAAG 3.5.1 geïdentifiseer is, bevoordeel het. (2 x 2) (4)

3.6 **GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)**

Verwys na die ruimtelike kenmerke op die Ceres topografiese kaart en beantwoord die volgende vrae:

3.6.1 Identifiseer EEN mensgemaakte lynverskynsel in blok **A1**. (1 x 1) (1)

3.6.2 Noem EEN *attribuut* van die pad in blok **C4** wat deur Ceres beweeg. (1 x 1) (1)

3.7 Verwys na blokke **C4** en **C5** op die topografiese kaart.

3.7.1 Definieer die konsep *afstandwaarneming*. (1 x 2) (2)

3.7.2 Die inwoners van Ceres kla oor waterbesoedeling in die Dwarsrivier. Verduidelik hoe die plaaslike munisipaliteit afstandwaarneming kan gebruik om te help om hierdie probleem van waterbesoedeling op te los. (2 x 2) (4)

**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

## NOVEMBER 2022

# GEOGRAFIE V2
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

## AFDELING A: ONTWIKKELINGSGEOGRAFIE EN HULPBRONNE EN VOLHOUBAARHEID

## VRAAG 1

1.1 1.1.1 E (industrialisasie) (1)

1.1.2 G (Transnasionale korporasie) (1)

1.1.3 A (globalisering) (1)

1.1.4 B (buitelandse handel) (1)

1.1.5 C (Uitkringende-effek) (1)

1.1.6 H (ontwikkeld) (1)

1.1.7 E (volhoubare ontwikkeling) (1) (7 x 1) (7)

1.2 1.2.1 A (1)

1.2.2 C (1)

1.2.3 A (1)

1.2.4 C (1)

1.2.5 D (1)

1.2.6 B (1)

1.2.7 A (1)

1.2.8 D (1) (8 x 1) (8)

1.3 1.3.1 ʼn Toename in die totale waarde van goedere en dienste wat deur ʼn land binne ʼn jaar geproduseer word (2)
**[KONSEP]** (1 x 2) (2)

1.3.2 Daar sal ʼn toename in die ekonomie wees (1)
Dui ʼn toename in formele indiensneming en formele besigheid aan (1)
Beleidmakers en banke kan toekomstige positiewe planne maak om die ekonomie verder te laat groei (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

1.3.3 BBP-groei verhoog die lewenstandaarde en lewenskwaliteit van mense/ʼn Verhoging in die lewenstandaarde en lewenskwaliteit van mense lei tot verdere BBP-groei (2) (1 x 2) (2)

1.3.4 Ten spyte van BBP-groei is daar steeds baie mense wat in armoede leef/‘kon ek ten minste iets kry om te eet’ (2) (1 x 2) (2)

1.3.5 Ongelyke verdeling van rykdom in ŉ land (Gini-koëffisiënt) (2)
BBP-groei fokus op geld en nie op die ontwikkeling van die sosiale kapitaal in ŉ land nie (2)
Sosiale spanning aangesien die armes gemarginaliseer word (2)
Rasse-spanning aangesien minderheidsgroepe uit die hoofstroom ekonomie uitgesluit word (2)
BBP-groei put natuurlike hulpbronne uit en beroof mense van hul bestaanreg/manier om ŉ lewe te maak (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

1.3.6 Verbeter die vlakke van geletterdheid deur onderwys meer toeganklik te maak (2)
Die bekendstelling van ŉ verskeidenheid vaardigheidsprogramme om meer mense in die formele en informele sektor in diens te stel (2)
Verskaffing van dienste (aanvaar voorbeelde) om die lewenskwaliteit te verbeter (2)
Verbetering van die geslagsongelykheidsindeks sodat meer vroue in die politiek, onderwys en hoë-vlak werk verteenwoordig word (2)
Verbetering van voedselsekerheid in 'n land om armoede te verminder (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

1.4 1.4.1 Proses waar gemeenskapslede bymekaar kom om kollektiewe aksie te neem om ontwikkeling te bevorder (2)
**[KONSEP]** (1 x 2) (2)

1.4.2 Vaardighede en opleidingsgeleenthede (1)
Werk en besigheidsgeleenthede (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

1.4.3 Sosio-ekonomiese ontwikkeling van verarmde gemeenskappe (1)
Verbeter die welstand van huishoudings in landelike gemeenskappe aansienlik (1)
Vroeë kinderjare-inisiatiewe (1)
Gesondheidsorg inisiatiewe (1)
Gemeenskapsbewustheid (1)
Vrou- en kinderbemagtiging (1)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)

1.4.4 Monitering maak seker dat die vaardighede wat aangeleer word korrek geïmplementeer en onderhou word (2)
Dit maak seker dat deelnemers aan die programme enige uitdagings kan konfronteer (2)
Om te verseker dat die gemeenskap ŉ lewensbestaan het (2)
Die hele gemeenskap in alle ouderdomsgroepe trek voordele hieruit (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

1.4.5 Dit sentreer rondom die ontwikkeling van menslike hulpbronne (2)
Dit verbeter organisering en ontwikkel administratiewe vaardighede (2)
Help met die begrip van gesondheidsorg en gesondheidsdienste (2)
Help met nasiebou (2)
Dit verbeter infrastruktuur en moderne tegnologie verbruik (2)
Dit verhoog die lewenstandaard en bemagtig vroue (2)
Om te verseker dat gemeenskapslede opgehef word deur verhoogde inkomste (2)
Dit help met landbou-uitbreiding en voedselsekerheid (2)
**[ENIGE VIER]** (4 x 2) (8)

1.5 1.5.1 BRICS (1) (1 x 1) (1)

1.5.2 China (1)
Indië (1)
Rusland (1)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)

1.5.3 ŉ Handelsbeleid wat bedoel is om die ekonomie van een of sekere lande te beskerm deur invoere te beperk en uitvoere te verhoog (2)
**[KONSEP]** (1 x 2) (2)

1.5.4 Daar is ŉ vryhandelsooreenkoms (sonder tariewe) tussen die 5 lidlande (1)
Sanksies word opgelê teen handel met ander lande (1)
Tariewe, pligte en doeane word gehef op ander lande wat goedere uitvoer na die BRICS-lande (1)
Kwotas word opgelê op die hoeveelheid goedere wat die land binnekom (1)
BRICS-lande ken invoersubsidies toe aan plaaslike produsente wanneer goedere ingevoer word (1)
Regerings van BRICS-lande ken uitvoersubsidies aan plaaslike produsente toe om hulle in staat te stel om teen verlaagde pryse aan buitelandse verbruikers te verkoop (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

1.5.5 Hulle bepleit ŉ vryehandelsbeleid om hul ekonomiese groei te verhoog (2)
Versterk hul vervaardigingsbasis en skep meer werksgeleenthede (2)
Hulle trek voordeel uit die uitruil van goedere en dienste teen verminderde kostes (2)
Hulle kan markgerigte beleide ontwikkel en private belegging aanmoedig (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

1.5.6 Hulle kan humanitêre hulp ontvang (bv. entstowwe) om die verspreiding/sterftes onder geskoolde/opgeleide lede van die arbeidsmag te verminder (2)
Handel deur uitvoer kan plaaslike vervaardigers help om afdankings te verminder (2)
Belegging in verskillende sektore van die ekonomie van ander lidlande kan werksgeleenthede verhoog (2)
Invoere kan noodsaaklike/gespesialiseerde komponente aan verskillende sektore van die ekonomie verskaf (2)
Lenings teen gunstige rentekoerse kan help om besighede te subsidieer om hulself te hervestig (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)
**[60]**

## VRAAG 2

2.1 2.1.1 B (1)

2.1.2 C (1)

2.1.3 D (1)

2.1.4 C (1)

2.1.5 A (1)

2.1.6 B (1)

2.1.7 D (1) (7 x 1) (7)

2.2 2.2.1 Saam die helling (1)

2.2.2 bestaans (1)

2.2.3 Biobrandstof (1)

2.2.4 Wes-Kaap (1)

2.2.5 gas (1)

2.2.6 Bebossing (1)

2.2.7 klimaat (1)

2.2.8 Braking (1) (8 x 1) (8)

2.3 2.3.1 Houtkap (1)
Boerdery (1)
Mynbou (1)
Landbou (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

2.3.2 Wind (1)
Oorstromings (1)
Reën (1)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)

2.3.3 Verlies van natuurlike habitat (2)
Verlies van bome (2)
Bedreigde spesies (2)
Verlies aan diepte van spesies (2)
Uitwissing van etniese stamme (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

2.3.4 Verlies van plantegroei wat die oppervlakte help om water en bogrond te behou / verskaf ryk voedingstowwe om omgewing te onderhou (2)
Toename in afloop aangesien plantegroei nie grond beskerm nie (2)
Toeslik van damme as gevolg van sedimentasie in strome beïnvloed waterweë en visse/spesies (2)
Verwoestyning as gevolg van die verwydering van bome as gevolg van afloop (2)
Klowe/Slote geskep as gevolg van die verwydering van bome as gevolg van afloop (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

2.3.5 Kontoerploeëry (2)
Wisselbou (2)
Wisselweiding (2)
Verhoog plantegroeibedekking (2)
Plant grondbedekking tussen rye gewasse (2)
Beskerm grasvelde (2)
Dreineersbekkenbestuur (2)
Bewaring van riviere en vleilande (2)
Openbare onderwys (2)
**[ENIGE DRIE]** (3 x 2) (6)

2.4 2.4.1 Eskom (1) (1 x 1) (1)

2.4.2 Werksverliese (1)
Halveer die BBP (1) (2 x 1) (2)

2.4.3 Versuim om nuwe kragstasies te bou om tred te hou met ekonomiese groei (1)
Verminderde produksie as gevolg van verouderde/foutiewe toerusting (1)
Wanbestuur en korrupsie (1)
Geen hernubare energie om die netwerk aan te vul nie (1)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)

2.4.4 Die privaat-sektor kan sy eie krag opwek en die oorskot aan die netwerk terugverkoop. (2) (1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

2.4.5 Groot bedrae geld is in steenkoolmyne/kragstasies belê (2)
Hulle verskaf werk en dra by tot die BBP (2) (2 x 2) (4)

2.4.6 Degradasie/verandering van die grond vind as gevolg van mynbou plaas (2)
Biodiversiteit word verminder (2)
Habitats van ekosisteme word vernietig (2)
Metaan (kweekhuisgas) word vrygestel wat tot aardverwarming bydra (2)
Suur myndreinering veroorsaak waterbesoedeling (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

2.5 2.5.1 Dit is 'n energiebron wat homself natuurlik kan aanvul (2)
**[KONSEP]** (1 x 2) (2)

2.5.2 Verlaag die vraag en gebruik van fossielbrandstowwe (1) (1 x 1) (1)

2.5.3 Dit is 'n bedreiging vir wild bv. voëls (2)
Vernietig ekosisteme (2)
Vernietiging van habitatte (2)
Die verwydering van natuurlike plantegroei/ontbossing is nodig om windplase op te rig (2)
Dit is nie esteties aangenaam nie/visuele besoedeling (2)
**[ENIGER EEN]** (1 x 2) (2)

2.5.4 Geleë op breedtegrade wat genoeg sonlig ontvang om drukverskille te veroorsaak (2)
Die kuslyn bied genoeg winderige gebiede vir sy energie om ingespan te word (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

2.5.5 Dit is goedkoper aangesien dit net wind benodig om te werk (2)
Skep werksgeleenthede in die opstel en instandhouding van windturbines (2)
Mense leer vaardighede aan wat in ander sektore van die ekonomie gebruik kan word (2)
Onderhoudskoste is minimaal (2)
Dit is bekostigbaar vir huiseienaars en besighede om hul eie kragnetwerke op te rig (2)
Boere kan grond aan windplase verhuur (2)
Dit is 'n groen bron van energie wat die land spaar op boetes vir buitensporige koolstofvrystellings (2)
**[ENIGE VIER]** (4 x 2) (8)
**[60]**

**TOTAAL AFDELING A: 120**

## AFDELING B: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

### VRAAG 3

3.1 Die onderstaande vrae is gebaseer op die 1 : 50 000 topografiese kaart 3319 AD Ceres, sowel as die ortofotokaart van ’n gedeelte van die gekarteerde gebied.

3.1.1 Lengte = 2,7 x 100 = 270 m

Breedte = 2,0 x 100 = 200 m

270 (1) m x 200 (1) m = 54 000 m² (1) (3 x 1) (3)

3.2 3.2.1 (a) The Toll House (1) (1 x 1) (1)

(b) Mitchell’s Pass (1) (1 x 1) (1)

3.2.2 (c) konkaaf (1) (1 x 1) (1)

3.2.3 VS = 1 cm : 20 m
VS = 1 cm : (20 x 100) cm
VS = 1 : 2 000 (1) (as ’n verhouding)

HS = 1 : 50 000 (1) (as ’n verhouding)

VE= $\frac{1 : 2\ 000}{1 : 50\ 000}$ (1) (vervanging)

$\frac{1}{2\ 000} \times \frac{50\ 000}{1}$

25 keer (1) (4 x 1) (4)

### KAART-INTERPRETASIE

3.3 3.3.1 Vertikale lugfoto (1) (1 x 1) (1)

3.3.2 <u>Vertikaal</u>**:**
Foto is teen ’n hoek van 90° geneem (2)
Foto geneem met kamera-as vertikaal na die grond gerig (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

3.3.3 Daar is ’n tekort aan plantegroei (2) (1 x 2) (2)

3.4 3.4.1 B begraafplaas (1) (1 x 1) (1)

3.4.2 D deurgrawing) (1) (2 x 1) (1)

3.5 3.5.1 C (1) (1 x 1) (1)

3.5.2 Gelyke grond (2)
Beskikbaarheid van water / Moontlikheid van besoedeling – kanale/vore (2) (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

## GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)

3.6 3.6.1 Kraglyn (1) (1 x 1) (1)

3.6.2 Dit is ’n hoofverkeerspad of dit is die R46 (1)
Teerpad (1)
Pad in ’n noordoostelike / suidwestelike rigting (1)
Reguit pad (1)
Gaan deur ’n stedelike gebied (1)
Stop strate deur beboude gebied (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

3.7 3.7.1 Afstandwaarneming:
Verkry inligting oor die aarde/voorwerp vanaf ’n afstand (sonder in kontak met die aarde/voorwerp te wees) (2)
**[KONSEP]** (1 x 2) (2)

3.7.2 Hulle moet ontleed waar die nywerheidsgebiede gevind word in verhouding tot die riviere/ander waterbronne (2)
Om spesifieke nywerhede binne ’n sekere radius van ’n waterbron te bepaal, kan die oorsaak verstaan (2)
Neem lugfoto's en vergelyk veranderinge in waterkwaliteit van die rivier (waterkleur, watertemperatuur, waterdigtheid, alge …) (2)
Neem riviermonsters om te bepaal of boere die waterbron deur bemesting/bespuitings van wingerde/boorde besoedel (2)
Gebruik lugfoto van die area kan bygevoeg word as ’n laag of ‘tema’ wat ook lig op die saak kan werp (2)
Afstandwaargeneemde data is ’n waardevolle hulpmiddel in die monitering van waterkwaliteit in verskillende waterbronne (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou